*Tucker, E M M: Britain 1901-1970 (History Stimulus Questions).*
*London, Edward Arnold, 1978, viii + pp. 77,*
*Illus., R6,65*

Hierdie tipografies goed versorgde werkie bevat uittreksels uit 'n verskeidenheid historiese bronne: toesprake, literatuur, letterkundige bronne, koerantartikels, grondwette, foto's, spotprente en aanplakbiljette asook kaarte. Na aanleiding van die bepaalde historiese bron(ne) word dan telkens hoogstens nege vrae gestel met die doel "(to) acquaint students with some of the sources upon which historical knowledge is based". Volgens die skryfster beteken dit voorts dat die student hierdie aangebode getuienis krities moet benader om sodoende ook die probleem van vooroordeel te leer hanteer.

Dié sewe dekades Britse geskiedenis word in twintig hoofstukke, wat elkeen weer onderverdeel is, behandel. Die eerste agt hoofstukke volg 'n chronologiese uiteensetting, terwyl in die res van die boekie bepaalde temas aangesny word.

As stimulerende onderrighulpmiddel kan hierdie werk beslis nuttig en verrykend gebruik word. Die vragies omvat 'n wye verskeidenheid: dié wat regstreeks aan die hand van die gegewe fragmente en/of illustrasies beantwoord kan word; dié wat aanvullende naslaanwerk vereis; en dié waarin 'n bepaalde evaluering van die student vereis word.

Daar kan egter twee besware geopper word. Omdat die ganse politieke, militêre en sosiaal-ekonomiese geskiedenis van sewe dekades bestryk word, is die uittreksels uit die bronne soms redelik kort en beperk dit die moontlikhede vir betekenisvolle kontekstuele vrae.

Voorts kan talle van die vragies eintlik sonder enige verwysing na die uittreksels en/of illustrasies beantwoord word. So, byvoorbeeld, word in hoofstuk 6 ("Political Extremes 1918-39") onder die subhofie "The Fascists" 'n verslag uit **The Times** (8.6.1934) asook 'n foto van 'n Fascistiese byeenkoms in 1937 aangebied. Die volgende vraag word dan onder andere gestel: waarom het sir Oswald Mosley die Britse Unie van Fasciste gestig?

Nogtans bied hierdie boekie heelwat prikkelende gedagtes vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenisonderwyser asook -dosent. Indien dit oordeelkundig gebruik en aangepas word, behoort dit ongetwyfeld mee te help om die versmorende ballas van Geskiedenisonderrig minstens gedeeltelik, indien nie geheel en al nie, oorboord te gooi: die uitgewerkte en gememoriseerde lang vraag.

*A. Appel*
*Universiteit van Port Elizabeth.*